Familiekunde (Genealogie)

"Die tekort aan emosionele sekuriteit onder ons jongmense is deels te wyte aan hulle isolasie van hulle groter familie eenheid. Geen twee mense – ' n vader en moeder – soos ek al gesê het, is genoeg om die emosionele sekerheid te voorsien vir ' n kind nie. Hy het nodig om homself deel te voel aan ' n wêreld van familielede, persone van verskeie ouderdomme en temperamente, steeds gebind deur ' n onbreekbare band wat die natuur onlosmaaklik deel van hom gemaak het reeds voor sy geboorte."

- Pearl S Buck

Doelwit: *Om die Verkenner vertroud te maak met die geskiedenis van sy voorsate en trots te maak op sy herkoms. Die vakgebied waar navorsing oor 'n persoon se voorsate gedoen word, word genealogie genoem. Die taak van die genealoog is om die gewone mens te identifiseer, hom uit die massa uit te lig en hom terselfdertyd in die raamwerk van 'n familie- en gemeenskapsverband te plaas. Die genealoog wil eerstens weet wie die voorouers en/of die nasate van 'n bepaalde persoon of ouerpaar was en waar en wanneer hulle gelewe het. Hy wil egter ook weet hoe hulle gelewe het, wat hulle deugde en talente was en hoe hulle, hul familie en gemeenskap gedien het.*

Weergawe: *2007.0*

Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
5. 'n Voortrekker leer uit die geskiedenis van sy volk en bou die toekoms daarop.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.

ABC: Familiekunde behoort sterk by te dra tot die vorming van die jeuglid se eienaarskap van sy Afrikanerskap deur hom te anker in sy herkoms as deel van die Afrikanervolk.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	Dit sal afhang van navorsing	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen kenteken is as vooraf vereiste geidentifiseer nie.		
Aanbieding:	Die spesialisasie kan individueel of in spanverband afgehandel word.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

Taak 1:
Die Verkenner moet die meeste van die volgende gegewens ten opsigte van minstens vier geslagte van sy voorsate skriftelik uiteensit, dit wil sê vader en moeder, 4 oupas en oumas (dus aan pa en ma se kant), 8 grootoupas en –oumas en 16 agtergrootoupas en –oumas.

Taak 2:
Die Verkenner moet al sy vader se manlike voorsate (dit wil sê almal wat dieselfde van as hy het) tot by die Suid-Afrikaanse stamvader (of minstens vyf geslagte terug) kan rekonstrueer en met die meeste van die volgende gegewens aanvul.

Gegewens:
1. *Volle voorname.*
2. *Van en nooiensvan van vrouens.*
3. *Geboortedatum en –plek.*
4. *Sterfdatum en –plek.*
5. *Beroep.*
6. *Woonplekke.*
7. *Enige interessante gebeurtenis in die persoon se lewe, byvoorbeeld gemeenskapsbetrokkenheid, besondere prestasies, oorloë aan deelgeneem, ensovoorts.*
8. *Foto's (waar moontlik).*